



IN-FONDS LEWENDE ANNUÏTANTE NUUSBRIEF

JULIE 2026

Beste In-fonds Lewende Annuïtant

Welkom by ons Julie 2026-nuusbrief vir In-fonds Lewende Annuïtante.

Vanjaar is 'n belangrike mylpaal vir die Fonds, met 'n terugblik op 10 jaar sedert die Fonds se naam in Julie 2016 van Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds verander het na die LA Aftreefonds. Oor die afgelope dekade het die Fonds op sy sterk grondslag voortgebou deur gesonde bestuurtoesig, verantwoordelike belegging, en 'n verbintenis om die beste belange van lede, afgetredenes en pensioenarisse te dien.

As deel van die Fonds se viering van sy 10-jaarherdenking, stel ons graag 'n spesiale kompetisie vir afgetredenes se verhale bekend. Ons nooi u om u aftreereis, herinneringe en gedagtes te deel, en ons sien uit daarna om u verhale te lees en die ervarings te vier wat saam aan ons reis gestalte gegee het. Nader besonderhede oor die kompetisie, insluitend hoe om in te skryf, word later in hierdie nuusbrief verskaf.



Johan Jacobs

'n Belangrike verandering binne die Raad van Trustees word ook in hierdie uitgawe bekend gemaak. Mnr Johan Jacobs, wat die Fonds vir baie jare met onderskeiding en toewyding gedien het, sal op 31 Julie 2026 as trustee en voorsitter uittree. Namens die Fonds wil ek ons opregte waardering uitspreek vir sy leierskap, professionaliteit en toewyding oor die jare. Sy bydrae het 'n belangrike rol gespeel in die voortgesette sukses en stabiliteit van die Fonds, en ons wens hom alles van die beste toe vir die toekoms.

Terselfdertyd is ons bly om mnr Braam du Plessis vanaf 1 Augustus 2026 in die Raad van Trustees te verwelkom. Baie annuïtante sal Braam ken na sy lang verbintenis met die Fonds gedurende sy loopbaan in die aftreefondsbetree. Voor sy aftrede in 2023 het hy nege jaar lank as die Fonds se voordeelkonsultant gedien, en hy bring uitgebreide bedryfskennis en –ervaring na die Raad. Ons sien uit na sy bydrae terwyl die Fonds sy volgende hoofstuk betree.



Braam du Plessis

Hierdie nuusbrieffokus op verskeie belangrike sake waarvan In-Fonds Lewende annuïtante (IFLA-lede) moet kennis neem.

Ons begin met die jaarlikse Bestaansertifikaat-proses en verskaf besonderhede van die fooiinstruktuurveranderinge wat vanaf 1 Julie 2026 van krag is. Ons deel ook belangrike inligting vir trustee-goedgekeurde IFLA-lede van 75 jaar en ouer, gee 'n opsomming van die Fonds se 42ste Algemene Jaarvergadering (AJV), en herinner annuïtante hoe belangrik dit is om hul begunstigdebepoelingsvorme en persoonlike besonderhede op datum te hou. Laastens deel ons praktiese inligting wat u kan help om uself teen swendelary en bedrog te beskerm.

Dankie vir u volgehoue ondersteuning en vertroue in die Fonds. Ons bly daartoe verbind om te help verseker dat u aftreejare ondersteun word deur 'n goed bestuurde en finansiële gesonde aftreefonds.

Vriendelike groete

Ilse Hartlief
Hoofbeampte

DIE KOMPETISIE: “MY AFTREEREIS SAAM MET DIE KAAPSE GEMEENSKAPLIKE PENSIOENFONDS / LA AFTREEFONDS.”

Ons nooi al ons afgetredenes om deel te neem aan ons verhaalkompetisie om die 10de herdenking te vier. Of u reis nou gaan oor die strewe na finansiële onafhanklikheid, 'n nuwe passie gedurende aftrede of om gemoedsrus te kry, ons sal graag daarvan wil lees!

Wat kan u inskryf?

Enige van die volgende:

- 'n Kort storie
- 'n Brief
- 'n Gedig
- 'n Foto met 'n kort byskrif, herinnering of gedagte

Pryse

Pryse is op die spel vir die roerendste, inspirerendste en kreatiefste inskrywings!

Sluitingsdatum

31 Augustus 2026



Hoe om in te skryf

Inskrywings kan per e-pos gestuur word na competitions@laretirementfund.co.za of via WhatsApp aan die Fonds se Kliënteskakelbeampte gestuur word by 079 918 6187.

Ons sien uit daarna om u stories te lees en die ervarings, herinneringe en mylpale te vier wat deel gevorm het van ons gesamentlike reis oor die jare.

BESTAANSERTIFIKAAT

Aangesien u 'n maandelikse inkomste van die Fonds ontvang, moet u elke jaar 'n bestaansertifikaat invul en indien. Indien u 'n papierbetaalstrokie oor die pos ontvang, sou u saam met u Maart-betaalstrokie u bestaansertifikaat met voorafgedrukte inligting daarop ontvang het. Annuitante wat hul betaalstrookies per e-pos ontvang, sou hul bestaansertifikaat 'n paar dae ná hul betaalstrokie per e-pos ontvang het. Onthou om altyd u rommelposlêer ook na te gaan vir e-posboodskappe.

Maak asseblief seker dat al u besonderhede wat ons op rekord het, korrek is. As u tevrede is met u bestaansertifikaat, onderteken dit asseblief en laat dit waarmerk, en stuur dit voor 31 Augustus 2026 terug aan die Fonds. Indien ons nie u bestaansertifikaat voor die sperdatum ontvang nie, sal u inkomste ongelukkig in September opgeskort word en eers weer betaal word nadat die Fonds die vereiste dokumente ontvang het.

U kan ons by (021) 943 5305 skakel, dan sal ons bevestig of u bestaansertifikaat ontvang is. U kan ook u bestaansertifikaat per e-pos stuur na support@laretirementfund.co.za of per WhatsApp stuur na 076 073 0997.



VERANDERING AAN IN-FONDS ANNUÏTEITFOOIE VANAF 1 JULIE 2026

Die trustees hersien gereeld die fooie wat op die Fonds se in-fonds annuïteitopsies van toepassing is, om te verseker dat koste billik, deursigtig en volhoubaar bly.

Vanaf 1 Julie 2026 het die maandelikse basiese administrasiefooie vir die Fonds se annuïteitprodukte met 4% gestyg, in ooreenstemming met inflasie. Die basiese administrasiefooie vir die Gepoelde Annuïteitrekening (PAC) het van R67.98 tot R70.70 per maand gestyg, terwyl die basiese administrasiefooie vir die In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA) van R105.76 tot R109.99 per maand gestyg het.

Die trustees het ook 'n fooiervlaging goedgekeur vir afgetredenes wat beleggings in beide die IFLA en die PAC het. Voorheen het hierdie afgetredenes 'n maandelikse fondsuitgawebydrae van R100 ten opsigte van hul IFLA betaal, benewens die maandelikse PAC-fondsuitgawebydrae van R200. Vanaf 1 Julie 2026 is die IFLA-fondsuitgawebydrae nie meer van toepassing op afgetredenes wat 'n gedeelte van hul IFLA-kapitaal na die PAC oorgedra het nie. Hierdie afgetredenes sal nou slegs die PAC-fondsuitgawebydrae betaal.

Hierdie vereenvoudigde fooistruktuur verminder die totale maandelikse fondsuitgawebydraes betaalbaar deur afgetredenes wat inkomste uit beide die IFLA en PAC ontvang, van R300 per maand tot R200 per maand.

Omvattende inligting oor die in-fonds annuïteitopsies is beskikbaar op die Fonds se webwerf onder Fund Guides/IFLA/PAC Q&A. Sien bladsy 21 en 22 vir die volledige fooistrukture vanaf 1 Julie 2026.

Die trustees bly daartoe verbind om kostedoeltreffende aftree-oplossings te verskaf en, waar moontlik, fooiervhogings in lyn met inflasie te hou.

TRUSTEE-GOEDGEKEURDE IFLA-LEDE VAN 75 JAAR EN OUER

As deel van die Raad se voortgesette hersiening van die Fonds se annuïteitstrategie, het die Raad besluit om 'n verandering aan te bring wat 'n impak sal hê op afgetredenes wat die trustee-goedgekeurde IFLA-opsie gekies het. Die Fonds sal met hierdie afgetredenes skakel kort voor hul eerste IFLA-herdenking nadat hulle ouderdom 75 bereik het.

Hierdie afgetredenes sal versoek word om hul aftreekapitaal op hierdie tydstip na die PAC oor te dra, om te verseker dat hulle 'n lewenslange inkomste sal hê wat die koopkrag daarvan in normale omstandighede sal behou. Trustee-goedgekeurde IFLA-annuïtante wat nie na die PAC wil oorgaan nie, kan na die IFLA-aangepaste opsie oorgaan.



Hoekom is hierdie verandering aangebly?

Die trustee-goedgekeurde onttrekkingsopsie is bedoel om 'n eenvoudige en gestruktureerde aftree-oplossing te bied. Beleggings- en inkomste- of onttrekkingsvlakke word deur die Fonds bepaal om langtermynvolhoubaarheid te ondersteun. Die opsie vereis minimale besluitneming deur die annuïtant.

Die PAC is bedoel om 'n lewenslange pensioen te verskaf en kan 'n meer gepaste oplossing wees vir annuïtante wat gedurende die later fase van aftrede 'n volhoubare **lewenslange** aftree-inkomste wil ontvang.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die verandering nie persoonlike keuse uitskakel nie. Annuïtante wat nie na die PAC wil oorskakel nie, kan in die IFLA bly deur na die IFLA-aangepaste opsie oor te skakel, wat hulle toelaat om hul beleggingstrategie en onttrekkingskoers te bestuur.

Die PAC bly ook as 'n vrywillige opsie vir alle IFLA-annuïtante beskikbaar. Annuïtante kan kies om **op enige stadium** tydens aftrede hul volle of 'n gedeelte van hul IFLA-aftrekapitaal na die **PAC** oor te dra.

Alle In-Fonds Lewende Annuïtante sal steeds 'n PAC-kwotasie saam met hul jaarlikse IFLA-projeksiestaats ontvang, om te sien watter pensioenvlak via die PAC gekoop kan word.



ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Fonds het op 22 Mei 2026 met welslae sy 42ste Algemene Jaarvergadering in virtuele formaat gehou. Die aanwesiges het 'n oorsig gekry van die Fonds se finansiële posisie soos op 30 Junie 2025, beleggingsprestasie, bestuurstoeg-aktiwiteite en ontwikkelinge wat die aftreefondsbedryf raak. Die virtuele formaat het Fondsbelanghebbendes van regoor die land weer eens in staat gestel om aan die vergadering deel te neem en direk met die Raad van Trustees en diensverskaffers te skakel.

Daar is berig dat die Fonds steeds goed presteer het ondanks voortslepende wêreldwye ekonomiese onsekerheid en markwisselvalligheid. Die Fonds se gediversifiseerde beleggingsportefeuljes het steeds hul beleggingsdoelwitte oortref, en vergelyk gunstig met bedryfsportuurgroepe.

Aanwesiges is herinner hoe belangrik die Fonds se laekoste-in-fonds annuïteitoplossings vir afgetredenes is met en tydens hul aftrede. Hierdie oplossings bied steeds beduidende waarde in vergelyking met baie kleinhandel-aftreeprodukte. Die Fonds het met welslae sy Gepoelde Annuïteitrekening (PAC) bekend gestel, wat afgetredenes 'n bykomende in-fonds annuïteitopsie bied, benewens die bestaande In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA).

Die pensioenarisportefeulje het steeds sterk vertoon. Die trustees het bevestig dat pensioenverhogings steeds in ooreenstemming met die Fonds se Pensioenverhogingsbeleid toegestaan word, met behoud van die pensioenarisrekening se gesonde finansiële posisie.

Die AJV het ook 'n geleentheid gebied om te besin oor die Fonds se reis oor die afgelope dekade. In die aanloop tot die Fonds se 10-jaarherdenking van sy naamsverandering van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds na die LA Aftreefonds op 1 Julie 2016, het die voorsitter besin oor die beduidende vordering wat gedurende hierdie tydperk gemaak is. Die Raad het sy verbintenis tot die beskerming van die aftreebelange van lede, afgetredenes en pensioenarisse deur verantwoordelike belegging, gesonde bestuurstoeg en oordeelkundige kostebestuur herbevestig.

Die trustees het alle belanghebbendes vir hul volgehoue ondersteuning bedank en vertroue uitgespreek dat die Fonds goed geposisioneer bly om in die jare vorentoe waarde en uitnemende diens te lewer.

Indien u nie die AJV kon bywoon nie, is die opname op die Fonds se webwerf beskikbaar, en ons moedig u aan om daarna te luister.

BENOEMINGSVORMS

Dit is baie belangrik dat u 'n begunstigdebenoemingsvorm invul, en seker maak dat dit op datum gehou word en al u afhanklikes weerspieël. Hierdie inligting help die trustees met die toekenning van u oorblywende aftrekapitaal by u dood. Waar geen afhanklikes of benoemde begunstigdes geïdentifiseer kan word nie, sal die oorblywende aftrekapitaal ná 12 maande aan u boedel betaal word.

VERANDERING VAN BESONDERHEDE

Moet asseblief nie vergeet om die LA Aftreefonds in kennis te stel indien u straatadres, e-posadres, persoonlike besonderhede of bankbesonderhede verander nie. Indien u bankbesonderhede verander, stel die Fonds asseblief skriftelik in kennis voor die 10de van die maand, sodat u inkomste in u nuwe rekening inbetaal kan word. Kennisgewings wat ná die 10de van die maand ontvang word, sal eers die volgende maand in werking gestel word.

Let ook daarop dat die Fonds se besluit om betaalstrokies eerder per e-pos te stuur as om dit te pos, nog 'n rede is waarom ons u jongste besonderhede op rekord moet hê. Dit is 'n ideale geleentheid waar u ons kan help om u betaalstrokies veilig en onmiddellik by u te kry, deur te verseker dat ons u jongste e-posadres het. U bygewerkte besonderhede kan per e-pos aan ons gestuur word na support@laretirementfund.co.za.

Indien u nog nie u e-posadres vir ons gestuur het nie, doen dit asseblief, sodat die Fonds doeltreffend met u kan kommunikeer.

SLENTERS VERANDER DEURENTYD – BLY WAAKSAAM!

Bedrog en swendelary het oor die jare beduidend verander. Terwyl bedrieërs vroeër op briewe en telefoonoprope staatgemaak het, kom baie slenters nou voor in e-posse, SMS'e en WhatsApp-boodskappe en op sosiale mediaplatforms. Vooruitgang in tegnologie het dit vir misdadigers makliker gemaak om talle mense te kontak en hul kommunikasie eg te laat voorkom.



Pensioenarisse word dikwels geteiken omdat bedrieërs weet dat baie afgetredenes aftreespaargeld het en gereeld 'n pensioen ontvang. Bedrieërs kan voorgee dat hulle verteenwoordigers van banke, aftreefondse, staatsdepartemente of ander vertroude organisasies is. Hulle skep dikwels 'n gevoel van dringendheid deur te beweer dat daar 'n probleem met 'n rekening is of dat onmiddellike optrede nodig is.

Die Fonds moedig pensioenarisse aan om waaksaam te bly en versigtig te wees wanneer hulle onverwagte kommunikasie ontvang wat persoonlike inligting, bankbesonderhede, wagwoorde of eenmalige PIN's aanvra. Moet nooit vertroulike inligting openbaar maak aan enigiemand wat u onverwags kontak nie, en verifieer altyd versoeke – kontak die betrokke organisasie direk deur hul amptelike kontakbesonderhede te gebruik.

'n Paar eenvoudige voorsorgmaatreëls kan u help beskerm:

- Moet nooit wagwoorde, PIN's of eenmalige PIN's deel nie.
- Wees versigtig vir skakels wat via e-pos, SMS of WhatsApp ontvang word.
- Verifieer onverwagte versoeke voordat u enigsins daarop reageer.
- Bespreek verdagte kommunikasie met 'n vertroude familielid, vriend of finansiële adviseur.
- Kontak u bank onmiddellik as u glo dat u die slagoffer van 'n bedrogspul was.

Gebruik u tyd om eers inligting te verifieer voordat u reageer – dit kan help om beide u persoonlike inligting en u aftreespaargeld te beskerm.

WIE U KAN KONTAK

Die Fonds se Aftreevoordeel-voorligter Grant Greenfield en die Kliënteskakelbeampte Glenda Kunene is beskikbaar om te help met enige vrae wat u oor die Fonds het. Hulle kan gekontak word by:

Grant Greenfield (Aftreevoordeel-voorligter)

Tel: (021) 943 5305

E-pos: support@laretirementfund.co.za

Glenda Kunene (Kliënteskakelbeampte)

Tel: 079 918 6187

E-pos: glendak@verso.co.za



ONS NUWE WHATSAPP-NOMMER!

Die Fonds se WhatsApp-nommer **076 073 0997** stel alle belanghebbendes in staat om maklik en doeltreffend met die Fonds te kommunikeer.

Bewaar asseblief hierdie nommer sodat u ons maklik kan kontak.

Trustees: Mnr J Jacobs (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit | Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdl WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdl S Philander

Hoofbeampte: Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530

WhatsApp 076 073 0997 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos support@laretirementfund.co.za

www.laretirementfund.co.za | <https://www.facebook.com/LARetirementFund> | Fondsregistrasienommer 12/8/1278